**AFRIKABERAAD OOR STUDENTEHUISVESTING, 30 MEI – 3 JUNIE 2010**

ACUHO-I SAC, die Suider-Afrikaanse tak van die internasionale vereniging van kollege- en universiteitshuisvestingsbeamptes

Beraadtema: "Re-creating Futures"

# Openingsrede deur prof H. Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, en Visepresident van die Vereniging van Afrika-universiteite

Gelewer te Wallenberg-sentrum, Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS), Stellenbosch, 30 Mei 2010

---

[Hierdie dokument kan van die internet afgelaai word by www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html]

---

Dankie, voorsitter.

- Mnr Mike Schultz, President van ACUHO Internasionaal
- Me Sally Traxler, Uitvoerende Direkteur van ACUHO Internasionaal
- Prof Roelf Visser, President van die vereniging se Suider-Afrikaanse tak
- Prof Derrick Swartz, Visekanselier en Uitvoerende Hoof van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
- Prof Brian O'Connell, Rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland

... hooggeplaastes, dames en here, goeienaand. Dit is ŉ voorreg om vanaand by u te kan wees en ek is bly om u almal hier te sien.

ŉ Hartlike welkom aan elkeen van u wat by ons aangesluit het. *Good evening and a warm welcome. Wamkelekile. Karibu. Bienvenue. Bem-vindo.*

Ons is hier byeen vir die Afrikaberaad oor studentehuisvesting, en dus is samewerking oor die vasteland heen van die allergrootste belang. Deur van mekaar – en van ons vennote elders in die wêreld – te leer, kan ons ons uitdagings die hoof bied.

Studentehuisvesting is van kritieke belang – selfs meer vir ons hier in Afrika, waar daar ŉ groot behoefte bestaan om mense se lewens te verbeter.

**Ek voer graag aan dat hoër onderwys noodsaaklik is vir ontwikkeling, en dat beter studentehuisvesting noodsaaklik is vir beter hoër onderwys.**

Indien ons gegradueerdes wil oplewer wat die uitdagings van die vasteland kan aanpak (soos wat die beraadprogram lui), moet ons studentehuisvesting in Afrika opnuut in oënskou neem. Indien ons ernstig is oor die herskepping van die toekoms (die beraadtema), verg studentehuisvesting herbesinning.

**HOEKOM HOËR ONDERWYS?**

Soos u weet, het Afrika met ernstige probleme te kampe. Die vasteland is ryk aan natuurlike hulpbronne, maar die oorgrote meerderheid van die mense vind geensins daarby baat nie (APP, 2010).

Ja:

- handel is aan die toeneem;
- omset en inkomste is hoër; en
- oor 12 dae speel Afrika die eerste keer gasheer vir die Wêreldbekersokker,

maar:

- slegs ŉ klein elite baat by uit Afrika se gesonde ekonomiese groei;
- 22 van die wêreld se 24 swaksontwikkelde lande is op die Afrikavasteland (UNDP, 2009); en
- weinig lande in Afrika het genoeg vordering gemaak om die millenniumontwikkelingsdoelwitte (MOD's) teen 2015 te behaal (APP, 2010).

Onderwys is een van die gebiede wat agterbly. Dié toedrag van sake is problematies, want – soos Nelson Mandela gesê het – "onderwys is een van die kragtigste wapens om die wêreld mee te verander".

Vir ons wat in hierdie sektor werk, is dit belangrik om hoër onderwys as ŉ kernpilaar van volhoubare menslike ontwikkeling te erken. Hoër onderwys dra kennis oor, en lewer leiers en skeppers van rykdom vir die samelewing op.

Die koers van deelname aan hoër onderwys in Afrika laat die waarskuwingsligte flits. In 2005 het ŉ skrale 5% van die betrokke ouderdomsgroep die hoëronderwysarena betree (Wêreldkonferensie oor Hoër Onderwys, 2009).

Die syfers vir ander lande was 72% in die Verenigde State, 60–64% in Oos-Europese lande soos Slowenië en Rusland, en 10% in Indië (Teferra & Altbach, 2003).

Een van die doelwitte van hierdie beraad is om die Vereniging van Afrika-universiteite (AAU) en ander streeksonderwysverenigings, sowel as politieke liggame soos die Afrika-unie (AU) en sy lidstate en -regerings, te bearbei om in studentehuisvestingsprojekte te belê ten einde onderwysgeleenthede tot voordeel van leerders en studente oor die Afrikavasteland heen te benut.

Ons steun hierdie doelwit, en ek sal dit ook aan die dagbestuur van die AAU oordra.

Voorheen was daar weinig empiriese bevestiging van die verband tussen belegging in hoër onderwys, ekonomiese groei en armoedeverligting. Meer onlangs het bewyse egter aan die lig gekom wat tersiêre studie as ŉ bepaler sowel as ŉ uitvloeisel van inkomste toon.

Hoër onderwys bemagtig nie net op ŉ individuele vlak nie, maar is ook ŉ openbare aangeleentheid waarby die hele samelewing kan baat vind.

Die Wêreldbank, Unesco en skenkers kon dus nie anders as om te erken nie: "[H]oër onderwys is nie meer ŉ luukse nie; dit is noodsaaklik vir toekomstige nasionale, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling" (TFHE, 2000).

Dít is die boodskap wat die AU en sy lidstate moet ontvang. Wat ons van húlle wil hê, is – aldus Elvis Presley – “a little less conversation, a little more action, please”.

Die probleem is nie ’n gebrek aan hulpbronne nie. Tussen Afrika se eie rykdom en dié van sy vennote in die internasionale gemeenskap is daar oorgenoeg geld. Waaraan daar wél ’n tekort is, is die politieke wil.

**UNIVERSITEITE EN DIE MOD’s**

Kom ons steek nou die hand in eie boesem. Wat doen ons as hoëronderwysinstellings om die lewens van die mense van Afrika te verbeter?

Dames en here, toe ek vroeër Afrika se ellendes opgenoem het, het dit dalk by u die indruk gewek dat ons vasteland inderdaad altyd hulpeloos hoed in die hand staan soos wat die Afropessimiste almal graag wysmaak. By die Universiteit Stellenbosch (US) verseg ons egter om wanhoop die oorhand te laat kry.

Uit die internasionale ontwikkelingsagenda het ons vyf temas gehaal waarop ons ons kernbedrywighede as ’n universiteit, naamlik onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie, toespits.

Deur (1) armoede en verwante toestande te verlig, en (2) menswaardigheid en gesondheid, (3) vrede en veiligheid, (4) demokrasie en menseregte, en (5) ’n volhoubare omgewing en mededingende bedryf in die hand te werk, glo ons ons sal die wêreld verander.

**STUDENTEHUISVESTING – 'N HOLISTIESE BENADERING**

Hierdie ontwikkelingstemas help van ons ’n maatskaplik betrokke instelling maak – iets wat ons glo alle universiteite behoort te wees.

By die Universiteit Stellenbosch is dit ons mikpunt om gegradueerdes op te lewer met die nodige kennis, vaardighede, ervaring en selfvertroue om nie net vir hulself en hul gesinne ’n goeie bestaan te maak nie, maar ook om *die lewe* vir hul gemeenskappe en die res van die samelewing *te verbeter*.

Ons het gevind die beste manier om dít te doen, is deur:

- akademiese uitnemendheid te handhaaf; en
- ’n waardegedrewe studentekultuur te bou.

Uit ondervinding weet ons studentehuisvesting is van kernbelang om elk van hierdie doelwitte te verwesenlik, aangesien dit ’n rol kan speel om:

- die akademiese projek te ondersteun; en
- ’n burgerlike verantwoordelikheidsbesef te kweek.

Ons probeer soveel moontlik kwesbare studente uit benadeelde onderwysagtergronde in koshuise huisves, omdat dit akademiese sukses bevorder.

Ons benadering is om studente se klas- en buiteklaservaring beter te integreer. Dít doen ons deur ’n residensiële leergroepstelsel (ResEd) wat leef-en-leergemeenskappe as ’n verlengstuk van die klaskamer skep.

ResEd werk soos volg:

- ’n Aantal koshuise (mans, dames én gemeng) en privaatstudentewyke word saamgegroepeer.
- Dié groepe deel geriewe soos vergadersale en studielokale.
- Dosente en ander sprekers word genooi om die groepe oor etenstyd toe te spreek, waarna ’n algemene bespreking volg.
- Senior studente dien as mentors vir die juniors.
- Studente bied portuursteun in studiegroepverband.

**HOE GEMAAK MET DIVERSITEIT?**

Diversiteit in die studenteliggaam skep uitdagings en geleenthede vir universiteite oor die wêreld heen. In Afrika het etniese verdelings in die samelewing soms al na kampusse oorgespoel. Hier in Suid-Afrika is rassediskriminasie ’n groot probleem.

Die verslag deur die Komitee oor Transformasie in Openbare Hoëronderwysinstellings verlede jaar, onder leiding van prof Crain Soudien van die Universiteit van Kaapstad, het dit betreur dat rassisme, seksuele teistering en vreemdelingehaat steeds op verskeie kampusse voorkom.

Ál hierdie faktore beïnvloed studentehuisvesting. Die uitdaging is tweërlei:

- Op beleidsvlak behoort instellings deur aspekte soos kamerplasing integrasie teweeg te bring.
- Op ’n praktiese vlak behoort daar programme te wees waardeur studente mekaar kan leer ken sodat hulle in vrede kan saamwoon.

**GEVOLGTREKKING**

Hierdie beraad is ’n tree op ’n reis van hoop. Ons visie is ’n vasteland sonder armoede, waar almal se menswaardigheid beskerm word, waar ons maatskaplike en ekologiese stelsels gedy, en waar vrede, veiligheid en demokrasie gewaarborg is.

Ek het aangevoer dat hoër onderwys ’n grondliggende komponent is om hierdie visie te verwesenlik, en dat progressiewe studentehuisvesting ’n noodsaaklike deel van beter hoër onderwys uitmaak.

Ek wens u vrugbare en insiggewende beraadslagings oor die volgende paar dae toe.

Nogmaals welkom op Stellenbosch. Geniet u verblyf hier, en maak gerus gebruik van ons fasiliteite. Indien u enigiets nodig het, vra sommer enige Suid-Afrikaner. Ons oefen graag ons gasheerskap in aanloop tot die Wêreldbeker!

Ek dank u.

-o0o-

## BRONNELYS

**Africa Progress Panel (APP)**. 2010. *From Agenda to Action: Turning Resources into Results for People.* Genève: Africa Progress Panel.

**Taakmag oor Hoër Onderwys en die Samelewing (TFHE)**. 2000. *Higher education in developing countries: peril and promise*. Washington DC: Wêreldbank.

**Teferra, D & Altbach, PG**. 2003. Trends and Perspectives in African Higher Education, in D. Teffera & P.G. Altbach (reds). *African Higher Education: An International Reference Handbook*. Bloomington: Indiana University Press. 3–14.

**Verenigde Nasies-ontwikkelingsprogram (UNDP)**. 2009. *Human Development Report 2009*. New York: Palgrave Macmillan.

**Wêreldkonferensie oor Hoër Onderwys**. 2009. *Promoting excellence to accelerate Africa's Development: Towards an African Higher Education and Research Area*. UNESCO. Parys, Frankryk, 5–8 Julie 2009.


-o0o-